

<b>1</b>	GEBED
----------	-------

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

<b>2</b>	DEEL (20 minute) <span style="float: right;">[STILTETYE] MARKUS 8:1 -11:19</span>
----------	---

*Maak beurte en vertel/deel (of lees )kortliks* wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Markus 8:1 – 11:19). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

<b>3</b>	MEMORISERING (5 minute) <span style="float: right;">[CHRISTELIK KARAKTER] (3) MARKUS 12:30-31</span>
----------	--

**Mediteer, memoriseer en repeteer** twee aan twee.

(3) Liefde. Markus 12:30-31. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag. Die tweede is; Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Geen ander gebod is groter as die twee nie.

<b>4</b>	ONDERRIG (85 minute) <span style="float: right;">[KERKLIKE FEESDAG] GOEIE VRYDAG: HERDENKING VAN DIE DOOD VAN CHRISTUS</span>
----------	---

**Inleiding.** Goeie Vrydag is die feesdag waarop Christene die dood van Jesus Christus herdink. Ons sal eers leer wat die Bybel leer oor die dood van Jesus Christus vir die sonde van die wêreld. Ons sal leer dat sy dood al in die Ou Testament deur die profete voorspel is, wat daar gebeur het toe Hy aan die kruis gesterf het en hoekom sy dood so belangrik vir ons is.

In die Joodse kalender begin *Vrydag* op Donderdag aand met sonsondergang en eindig op Vrydag aand met sonsondergang. Jesus Christus staan tereg, word veroordeel, gekruisig, sterf en word begrawe op 'n Vrydag. Histories noem ons Christene hierdie Vrydag 'Goeie Vrydag', omdat die dood van Jesus Christus in ons plek as 'n straf vir ons sondes en ons verlossing *die beste gebeurtenis* is wat ooit met ons kan gebeur! Alhoewel daardie Vrydag droewig was vir die dissipels, het hierdie dag na die opstanding van Jesus Christus uit die dood 'n dag van vreugde geword. Die dood van Jesus Christus was 'n deel van die allerbelangrikste gebeurtenis in die menslike geskiedenis, naamlik, die eerste koms van Jesus Christus: sy lewe, sy dood en sy opstanding!

Niks wat ooit in die geskiedenis gebeur, niks wat in boeke geskrywe staan, niks wat in die massa media (koerant, radio, TV) gekommunikeer word, is meer beslissend en het meer invloed dan die lewe, die dood en die opstanding van Jesus Christus nie!

#### A. PROFESIEË OOR DIE DOOD VAN JESUS CHRISTUS

##### 1. Numeri 21 is 'n tipe (illustrasie) in die Ou Testament oor die dood van Jesus Christus.

(1) Numeri 21:4-9.

Meer as 1400 jaar v.C. lees ons dat die Israëliete ongeduldig geword het en begin het om God en Moses te bekritiseer. Hulle het gekla oor hul ontberings, veral oor wat hulle moes eet en drink in die woestyn. Die Here het hulle klagte gehoor en die houding in hulle hart gesien en Hy het hulle gestraf deur slange met giftige byt te stuur. Nadat Moses voorbede vir hulle gedoen het, het God hom beveel om 'n koper slang te maak en op 'n paal te sit waar elkeen dit kon sien. God het gesê dat as iemand deur 'n slang gebyt is, hy moes opkyk na die koper slang op die paal en dan sou hy nie sterf nie, maar bly lewe. Maar as iemand God se Woord nie glo nie en weier om op te kyk na die koper slang op die paal, dan sou hy sterwe. God eis dat sondige mense sy Woord moet glo *en gehoorsaam*.

(2) Johannes 3:14-16.

In die Nuwe Testament het Jesus die betekenis van hierdie illustrasie (tipe) uitgelê. Die koper slang wat op die houtpaal omhoog gehys is, is 'n illustrasie van Jesus Christus wat hoog op 'n kruis gespyker is. Die dood van Jesus Christus aan die kruis is die vervulling (antitipe) van hierdie Ou-Testamentiese profesie (tipe). *Elkeen* wat in Jesus Christus glo, gaan nie verlore nie, maar het die ewige lewe!

## 2. Jesaja 52:13 - 53:12 is 'n belangrike profesie in die Ou Testament oor die dood van Jesus Christus.

'n Profesie oor Christus in die Ou Testament. *Sien* Handleiding 5, supplement 1.

## 3. Ander belangrike profesieë in die Ou Testament oor die dood van Jesus Christus.

(1) Sagaria 11:12-13.

Dit is 'n profesie in 520 v.C. oor die prys wat betaal is aan Judas vir sy verraad van Jesus, wat Judas met daardie geld gedoen het en waarvoor daardie geld uiteindelik gebruik is (Matteus 26:14-16; 27:3-10).

(2) Sagaria 12:10.

Dit is 'n profesie oor 'n soldaat wat 'n spies in die sy van Jesus gesteek het. Johannes het gesien hoe Jesus "deurboor" is (Johannes 19:34-37).

(3) Psalm 22 en Psalm 69:20-21.

Dit is profesieë van ongeveer 1000 v.C. oor die lyding van Jesus aan die kruis. Kwaaddoeners sou Jesus kruisig (Psalm 22:17; Johannes 19:16-18). Soldate sou sy klere verdeel en die lot daarvoor werp (Psalm 22:19; Johannes 19:23-24). Slegte mense sou Hom omring, Hom bespot en beledig (Psalm 22:7-9; Matteus 27:39-44). Hy sou baie dors kry (Psalm 22:16; Johannes 19:28). En Hy sou 'n baie ernstige ervaring van Godverlatenheid deurmaak (Psalm 22:2; Matteus 27:46).

(4) Psalm 31:6.

Dit is 'n profesie oor die laaste woorde van Jesus aan die kruis (Lukas 23:46).

(5) Psalm 40:7-9.

Dit is 'n profesie oor die eenmalige offer van die liggaam van Jesus in ooreenstemming met die wil van God dat alle offerandes van diere vervul en vervang het, die enige offer wat gelowiges heilig kan maak (Hebreërs 10:5-10).

## **B. DIE GEBEURTENISSE ROND DIE DOOD VAN JESUS CHRISTUS.**

### 1. Die profesieë in die Nuwe Testament oor die dood van Jesus Christus.

(1) Jesus Christus het sy dood (en opstanding) minstens drie keer voorspel.

**Lees** Matteus 16:21; Matteus 17:22; Matteus 20:17-19 (Markus 8:31; Markus 9:31; Markus 10:32-34).

Minstens drie keer voor sy dood het Jesus Christus sy dood en opstanding "op die derde dag" voorspel. *So staan dit geskrewe* in die Evangelie van Markus (44-46 v.C.) wat minstens 14 jaar voor die Evangelie van Lukas (60-61 v.C.) en minstens 20 jaar voor die Evangelie van Matteus (63-66 n.C.) geskryf is. Hy het in besonderhede voorspel *wat* met Hom sou gebeur, *wie* dit sou doen, en *wanneer en waar* dit sou gebeur! Hy sou in Jerusalem aan die godsdienstige owerheid (die Joodse owerpriesters en skrifgeleerdes) oorgelewer word en hulle sou Hom ter dood veroordeel en Hom aan die heidense owerheid (die Romeine) oorlewer. Hulle sou Hom bespot en gesel, op Hom spoeg en Hom doodmaak; maar op die derde dag sou Hy weer uit die dood opstaan. Jesus Christus het geprofeteer dat alles wat oor Hom in die Ou Testament geskrywe staan (sy dood en opstanding) vervul moes word (Lukas 24:44), omdat dit 'n deel van God se ewige verlossingsplan was, omdat dit in die Ou Testament *geskrywe gestaan het* en omdat dit *die enige weg* was om versoening vir sondes te doen!

Alles wat die profete in die Ou Testament opgeteken het en alles wat Jesus Christus Self geprofeteer het, het letterlik gebeur! Geen ander mens wat homself 'n "profeet" noem, kan Jesus Christus ewenaar nie! Geen andere "profeet" in die menslike geskiedenis het soortgelyke akkurate voorspellings gemaak nie! Jesus is letterlik deur kruisiging gedood en het letterlik uit die dood opgestaan. Geen ander mens wat aanspraak maak "'n profeteet" te wees, het ooit uit die dood opgestaan nie! Alle profete van die ander wêreldgodsdienste lê nog steeds dood in hulle graf! Jesus Christus is die enige mens wat ooit uit die dood opgestaan het! Jesus Christus is die enige profeteet uit die verlede wat vandag nog lewe! Hierdie feite bewys dat Jesus Christus nie alleen die Grootste Profeteet in die geskiedenis was nie, maar ook dat Hy baie meer as 'n Profeteet is!

### 2. Verraad, arrestasie en verhoor van Jesus.

In die vier Evangelies lees ons hoe Judas Jesus vir dertig silwerstukke verraai het. Na sy gebed in die tuin van Getsémané, het die bewakers van die tempel Jesus gearresteer.

(1) Drie regsittings voor die Jode.

**Lees** Johannes 18:12-14,19-24; Matteus 26:57-68; Lukas 22:66-71.

Tussen middernag en die vroeë oggend van Vrydag is Jesus eers deur Annas, die skoonvader van Kajafas, verhoor. Daarna is Hy deur Kajafas, die hoë priester van daardie jaar, verhoor. Ten slotte is Hy deur die Sanhedrin, d.w.s., die Joodse owerheid (leiers), verhoor.

(2) Drie regsittings voor die heidene.

**Lees** Lukas 23:1-25; Johannes 18:28-40.

Baie vroeg op Vrydagoggend is Jesus deur Pilatus, die Romeinse goewerneur van Judea, verhoor. Daarna is Hy deur Herodus, die Romeinse koning van Galilea, verhoor. Ten slotte is Jesus deur Pilatus oorgelewer om gedood te word.

Jesus is dus sowel deur die Jode as die nie-Jode bereg, veroordeel en verwerp. Hy is bereg en gedood deur sowel die godsdienstige as die burgerlike owerhede in die wêreld. En tog was Jesus heeltemal onskuldig!

### 3. Die kruisiging van Jesus.

**Lees** Lukas 23:26-56; Johannes 19:16-42.

Om ongeveer 09.00 uur op Vrydagoggend die 15<sup>de</sup> Nisan (ongeveer April), is Jesus Christus op 'n heuwel met die naam "Golgota" (Kopbeenplek) gekruisig. Die soldate het lang yster spykers deur sy hande en voete in die kruishout gehamer (Psalm 22:17; Lukas 24:39-40; Johannes 20:25). Toe het hulle sy kruis omhoog gehys en met 'n dreun in 'n gat laat val om dit regop te hou. Ure lank het Hy met sy hele gewig aan die spykers gehang. Kruisiging is een van die wreedste maniere om iemand tereg te stel en een van die pynlikste maniere om te sterwe. Met elke asemhaling moes Hy Homself aan die spykers deur sy hande optrek om nie te verstik nie. Kruisiging laat 'n mens deur pyn, uitputting en langsame verstikking sterwe. Maar Jesus het nie aan sy verwondings gesterf nie en ook nie omdat Hy vermoor is nie. Hy het gesterf omdat Hy sy lewe volkome *vrywillig* gegee (afgelê) het (Johannes 10:18)!

Die Romeinse gewoonte was om die misdaad van die veroordeelde op 'n bordjie te skrywe en dit dan bo-aan die kruishout vas te spyker. Omdat Pilatus geen enkel skuld in Christus kon vind nie, het hy die woorde opgemaak: "Dit is Jesus, die koning van die Jode". Die soldate het sy klere onder mekaar verdeel en die lot gewerp oor sy onderkleed. Die Jode en ander verbygangers het die spot met Hom gedryf en Hom uitgedaag om van die kruis af te kom en Homself te red. Twee misdadigers is saam met Jesus gekruisig, aan elke kant één en Jesus in die middel (Johannes 19:18).

Vanaf die kruis het Jesus die mense wat Hom gekruisig het vergewe (Lukas 23:34). Vanaf 12.00 uur tot 15.00 uur in die middag het duisternis oor die hele land gekom. Uiteindelik het Jesus sy menslike gees oorgegee in die hande van sy hemelse Vader (Lukas 23:46). Toe Jesus Christus gesterf het, het die voorhangsel in die tempel van bo tot onder geskeur (Matteus 27:51). Dit is 'n simbool (teken) dat die dood van Jesus Christus 'n einde gemaak het aan alle aanbidding in tempels (godsdienstige geboue) en ook dat alle offerandes wat mense bring geen enkel betekenis meer het nie! Geen godsdienstige gebou en geen godsdienstige seremonie kan mense van hulle sondes red nie!

### 4. Die verskillende reaksies van mense op die dood van Jesus.

Baie mense was betrokke by die gebeurtenisse rondom die dood van Jesus Christus op daardie Vrydag. Allerlei soorte van mense het rondom die kruis gestaan. Maar elkeen het 'n ander persoonlike reaksie op Christus gehad.

**Ontdek en bespreek.** Hoe het verskillende mense op die dood van Jesus Christus gereageer?

**Aantekeninge.**

(1) Judas het gemaak asof hy 'n dissipel van Jesus was, maar het Hom *verraai*. Daarna het hy spyt gekry, *maar geen berou gehad wat tot bekering lei nie* (vergelyk 2 Korintiërs 7:10-11). Hy het die 30 silwerstukke na die tempel teruggebring en toe homself opgehang (Matteus 27:3-5; Hebreërs 6:5-6).

(2) Petrus het grootgepraat en gesê dat hy oral vir Jesus sou volg en met Hom sou sterwe, maar hy het Hom drie maal *verloën* (Johannes 13:36-38; Johannes 18:15-18,25-27)!

(3) Johannes het eers uit vrees van Jesus af weggevlug, maar het later uit liefde Hom *op 'n afstand* na die regsitting *gevolg* (Matteus 26:56; Johannes 18:15).

(4) Annas, sy eerste regter, het sy verhoor sonder getuies gelei, terwyl die wet vereis dat daar minstens twee getuies moet wees (Deuteronomium 17:6). *Hy het die waarheid vermy*. Hy was nie geïnteresseer in "die waarheid" nie, maar in die "sukses" van Jesus. Daarom het hy Jesus ondervra oor sy dissipels en onderrig, asof dit onbekend was. Maar Jesus het vir die waarheid uitgekóm. Hy het altyd die waarheid gespreek en almal was altyd welkom om na sy onderrig te luister. Dit vorm 'n skerp teenstelling met die geheimsinnige komplotte van die Sanhedrin (Johannes 18:12-14,19-24)!

(5) Kajafas, sy tweede regter, het sy verhoor haastig en met valse getuies gelei, om die skyn op te hou dat hy die wet onderhou. *Hy het gemaak asof hy 'n regverdige regter was, maar die uitkoms van sy oordeel was al van te vore bepaal!* Die owerpriesters en skrifgeleerdes het al van te vore besluit om Hom dood te maak! Maar om Hom dood te maak, moes die Sanhedrin Hom eers skuldig bevind (Matteus 12:14; Lukas 22:2; Johannes 11:49-53,57; Johannes 18:14; Matteus 26:57-68).

(6) Die Sanhedrin, sy derde regter, het bestaan uit die politieke en godsdienstige leiers in Israel en hulle het 'n offisiële verhoor gefingeer. Hulle was jaloers op die invloed wat Jesus op die volk gehad het. In hierdie offisiële regsitting het hulle alleen maar die besluite van hul komplotte bekragtig (Matteus 12:14) en die werklike rede om Hom dood te maak (afguns, Matteus 27:18) gekamoefleer. In die Sanhedrin het hulle Hom van Godslastering beskuldig, maar voor die Romeinse goewerneur het hulle Hom van politieke oproer beskuldig (Lukas 22:66-71; Lukas 23:1-2).

(7) Pilatus, sy vierde regter, het ook 'n oneerlike verhoor afgeneem. Alhoewel hy heeltemal oortuig was dat Jesus Christus onskuldig was, het hy Hom tog oorgelewer om gekruisig te word. Hy het uit eie belang gehandel *en was bang dat sy leierskapsposisie bedreig geword het* (Matteus 27:11-26; Johannes 18:28 - 19:16).

(8) Koning Herodus, sy vyfde regter, wou alleen maar dat Jesus hom vermaak. Hy het gehoop om te sien hoe Jesus 'n wonderteken verrig. En omdat Jesus sy mond gehou het en nie 'n woord gesê het nie, kon Herodus en sy soldate alleen maar die spot met Hom dryf (Lukas 23:5-12).

(9) Die vrouens van Jerusalem het Hom gevolg met luidrugtige weeklagte. Hulle het *medelye met Hom gehad sonder dat hulle hul eie gevaar besef het*. Hulle het nie besef dat die toekoms van Jesus Christus absoluut veilig was, maar dat hul toekoms en die toekoms van hul kinders heeltemal onveilig was, tensy hulle hul bekeer. Die bevolking van Jerusalem het hoofsaaklik bestaan uit ongelowiges wat geen berou getoon het nie! God sou nie toelaat dat hulle onboetvaardig houding ongestraf sou bly nie. Tensy die mense in Jerusalem hul bekeer, sou hulle omkom (Lukas 23:27-31).

(10) Die soldate, wat Hom gekruisig het, het alleen maar bevele opgevolg en gedink dat hulle nie verantwoordelik was vir wat hulle doen nie. Hulle het hul verantwoordelikheid oortree deur Jesus genadeloos te bespot en te mishandel (Matteus 27:27-31).

(11) Die gewone mense, die Jode en ander verbygangers het Jesus *gelaster* (Matteus 27:39).

(12) Een misdadiger het Jesus gelaster, maar die ander misdadiger *het sy skuld bely en homself aan Jesus Christus oorgegee* (Lukas 23:39-43).

(13) Die offisier van honderd soldate, 'n militêre leier oor Romeinse soldate, was een van die eerstes wat bely het dat Jesus Christus waarlik die Seun van God is (Matteüs 27:54).

(14) Josef van Arimatea en Nikodemus was geheime volgelinge van Jesus en het van nou af Hom *openlik gedien*. Hulle het die liggaam van Jesus van die kruis afgehaal en Hom in 'n nuwe nog leegstaande graftombe begrawe (Johannes 19:38-42).

(15) Vandag staan elke mens in die wêreld by die kruis van Jesus. Hy het gesterf om versoening vir sondes te maak en om almal wat in Hom glo te vergewe. God eis van elke mens om te reageer, 'n antwoord te gee op die vrae wie Jesus Christus is en wat Hy gedoen het.

Ook jy en ek staan vandag by die kruis. Wat sal jou reaksie op Jesus en sy dood aan die kruis wees? Gaan jy ook wegvlug of gaan jy Jesus Christus volg? Gaan jy jou voordoen as regverdige in jou eie oë of gaan jy jou sondes aan Jesus bely? Fingeer jy onwetendheid of besef jy dat Jesus Christus vir jou in jou plek aan die kruis gesterf het? Hou jy aan om Christus en Christene te vervolg of bekeer jy jou tot Jesus Christus en begin jy om Hom in liefde te dien? Gaan jy Hom in ongeloof verwerp of gaan jy Hom in geloof aanneem?

Wat sal jou reaksie of antwoord wees?

## C. DIE BETEKENIS VAN DIE DOOD VAN JESUS CHRISTUS VIR ONS.

### 1. 1ste rede: Jesus Christus sterf om versoening vir ons sondes te doen.

**Lees** Romeine 3:23-26; Romeine 8:7-10; Johannes 6:35-44.

*Die eerste rede hoekom Jesus Christus vir ons en in ons plek sterf, is om versoening vir ons sondes te doen. Hy maak ons heeltemal regverdig in God se oë en versoen ons met God. In die natuurlike staat is daar geen mens wat God behaag nie, wat Hom aan God onderwerp nie of wat na God toe keer nie.*

Terwyl alle mense nog in hul natuurlike staat verkeer, het God 'n weg vir hul verlossing voorberei. Hy het Jesus Christus in (deur) sy dood (letterlik: bloed) *eens en vir altyd* openlik aangewys (Grieks: protithémi) as middel tot versoening<sup>1</sup> wat in geloof aangeneem moes word (Romeine 3:25).<sup>2</sup> [Om sy geregtigheid te bewys (ANV: om te toon wat sy vrypraak behels) het Hy die sondes wat voorheen in sy verdraagsaamheid plaasgevind het (Grieks: proginomai) tydelik ongestraf laat bly het, vergewe (verby laat gaan, ongestraf laat bly)(Grieks: pairesis).] Jesus Christus het gesterf as straf vir ons sondes, d.w.s., sy soenoffer aan die kruis was die middel om ons te regverdig in God se oë. Jesus Christus het die heilige en regverdige gebelgdheid van God oor ons sondes afgewend en ons met God versoen. 'Versoening'<sup>3</sup> beteken hier herstel van die gebroke verhouding met God.

### 2. 2de rede: Jesus Christus het gesterf om ons te verlos van die vloek van die wet.

**Lees** Eksodus 20:1-2; Galasiërs 2:21; Galasiërs 3:10-29.

*Die tweede rede hoekom Jesus Christus vir ons en in ons plek gesterf het om ons vry te koop van die vloek van die wet. Hy het ons vrygestel van God se regverdige regseise (wet) teen ons en van alle wette (ook wette wat deur mense*

<sup>1</sup> Grieks: hilastérion; Engels: atonement

<sup>2</sup> Vertaling van vers 25-26. "God het Jesus Christus deur sy dood openlik aangewys as 'n soenoffer wat die toorn van God wegneem, werksaam (wat versoening bewerk) vir dié wat glo.

<sup>3</sup> Grieks: katallagé; Engels: reconciliation

ontwerp is) as middels om mense te regverdig. In die Ou Testament is “die wet” nooit ‘n middel tot regverdiging (verlossing) nie! Pas **nadat** God sy volk uit die slawerny van Egipte (’n beeld vir die gevangenskap in die sonde) bevry het, het God die Tien Gebooie as wet aan sy verlose volk gegee. Hy het die Tien Gebooie nie gegee as ’n middel waardeur mense hulself kan regverdig nie, maar as die manier waarop alreeds geregverdigde (verlose) mense (die gelowiges) behoort te lewe. Die morele wet (die Tien Gebooie) leer God se verlose volk hoe hulle as verlose mense in die wêreld moet en kan lewe (Eksodus 20:1-2). Die morele wet word in die Nuwe Testament bevestig (Matteus 22:36-40).

Die seremoniële wet het God se Ou-Testamentiese volk geleer hoe hulle God in aanbidding moes nader en Hom moes dien. Die seremoniële wette (met betrekking tot priesters en Leviëte, die tabernakel en tempel, die Sabbat en feesdae, die besnydenis en die offerandes, die reinigingswette en die gawes) was “skaduwees van die werklikhede” wat later in Jesus Christus gekom het (Kolossense 2:17; Hebreërs 10:1). Christus het gekom om die seremoniële wet te *vervul, op te hef en af te skaf*.

Helaas het die Joodse godsdienstige leiers en leraars vanaf die ballingskap na Babilon die doel van die wet verander en tot ’n middel van versoening en verlossing gemaak (vergelyk bv. Handeling 15:1). Van toe af aan het baie “mense van die Boek” (Jode, Moslems en wettiese Christene) geprobeer om hulleself te verlos (hulleself te regverdig) deur die wet (die Tora, die sharia) te onderhou.

Maar die Bybel waarsku, “Maar almal wat staat maak op die onderhouding van die wet, val onder die vloek, want daar staan geskrywe: ‘Daar rus ’n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie. En dat niemand op grond van die wet deur God vrygespreek word nie’” (Galasiërs 3:10-11). Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek ’n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: “Vervloek is elkeen wat aan ’n hout (die kruis) hang” (Galasiërs 3:13). Gelowiges is verlos van die vloek van die wet en leef nie langer “onder die wet” nie, maar “onder die genade” (Romeine 6:14)!

### 3. 3<sup>de</sup> rede: Jesus Christus het gesterf om die skeiding tussen Joodse en nie-Joodse gelowiges op te hef.

**Lees** Matteus 5:17; Efesiërs 2:13-18; Kolossense 2:14.

Die derde rede waarom Jesus Christus vir ons en in ons plek gesterf het is om die skeiding (verdeeldheid) tussen Joodse en nie-Joodse Christene op te hef. Hy het die twee groepe Christene tot één nuwe mens (die Gemeente) geskep en op hierdie wyse vrede tussen gelowiges uit elke volk op die aarde gemaak! Lank voor die bestaan van die volk van Israel het God belowe dat al die volke op die aarde geseën sou word in die ‘Saad’ van Abraham, d.w.s., in die komende Messias, Jesus Christus (Genesis 22:18). Maar tot die eerste koms van Christus het “die wet (letterlik) soos ’n muur van vyandskap skeiding gemaak tussen die volk van Israel en die ander volke op die aarde. Veral die seremoniële wette met al hul godsdienstige bepalinge oor heilige mense, heilige plekke, heilige tye en heilige handeling het die Jode van die nie-Jode bly onderskei.

Die besondere doel wat God met die volk van Israel gehad het, was nie om die heidense volke “onder die juk van die wet” te bring nie, maar juis om die Verlosser van mense uit alle volke voort te bring. Toe die Verlosser, Jesus Christus gekom het, het Hy alle regverdige eise van die wet deur sy volkome heilige en regverdige lewe en soendood vervul (Matteus 5:17). Daarom het Hy daarna die seremoniële wet as ’n middel om tot God in aanbidding te nader en Hom te dien *opgehef* (Kolossense 2:14) en *afgeskaf* (Efesiërs 2:15). En het hy daarna ook die burgerlike (sosiale) wet van Israel *vervang* deur sy onderrig oor die Koninkryk (koningskap) van God.

Die dood van Jesus Christus aan die kruis het “die muur van vyandskap wat skeiding maak” verwyder en die gelowiges uit die Jode en die gelowiges uit die nie-Jode met God en met mekaar versoen. Hy het die Christene uit die Jode en die Christene uit die nie-Jode gemaak tot:

- één koninkryk van God (Matteus 21:42-44)
- één kudde met één Herder (Johannes 10:16)
- één Liggaam (die Gemeente of Kerk)(1 Korintiërs 12:13)
- één nuwe mens wat deur één Gees toegang tot God die Vader het (Efesiërs 2:15-18)
- één huisgesin van God waar God sy woning maak (Efesiërs 2:19-22)
- God se één uitverkore volk (1 Petrus 2:4-10)!

(Letterlik: “God het geen onderskeid gemaak tussen ons (gelowiges uit die Jode) en hulle (gelowiges uit die heidene) nie (Handeling 15:9)! Want Een en Dieselfde (Jesus Christus) is Here van almal en Hy is ryk vir almal wat Hom aanroep (Romeine 10:12)!

### 4. 4<sup>de</sup> rede: Jesus Christus het gesterf om betekenis aan die lewe te gee.

**Lees** Romeine 14:8; 2 Korintiërs 5:15; Filippense 2:1-8.

Die vierde rede hoekom Jesus Christus vir ons en in ons plek gesterf het, is om Christene ’n nuwe doel in die lewe te gee. Christene lewe nie langer vir hulleself nie, maar vir die God van die Bybel en dien ander mense op ’n onbaatsugtige manier.

5. 5<sup>de</sup> rede: Jesus Christus het gesterf om alle angs weg te neem.

*Lees* Hebreërs 2:14-15; Romeine 8:31-39.

Die vyfde rede hoekom Jesus Christus vir ons en in ons plek gesterf het, is om alle vrees (angs) weg te neem en Christene sekerheid van ewige lewe te gee ondanks hul moeilike omstandighede op die aarde. God is vir ons en niemand en geen omstandigheid kan werklik teen ons wees nie (Romeine 8:31)! Niemand en niks kan ons skei van God se liefde vir ons (Romeine 8:38-39)! Jesus Christus het gesterf om vrees vir mense, vrees vir omstandighede, vrees vir die duiwel en vrees vir die dood vir eens en vir altyd van Christene weg te neem!

<b>5</b>	GEBED (8 minute) <span style="float: right;">[REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD</span>
----------	--

*Bid* saam as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring 'n beurt kry om kort (in één of twee sinne) te bid en te reageer op wat hy/sy in hierdie byeenkoms van God geleer het.

<b>6</b>	VOORBEREIDING (2 minute) <span style="float: right;">[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS</span>
----------	---

*Deel* die voorbereiding vir die volgende keer uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die studie oor “Goeie Vrydag” – die herdenking van die dood van Jesus Christus” saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Markus 11:20 – 14:72. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid-metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: (4) Geloof. Romeine 4:20-21. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. (2) Johannes 1:1-18. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor jou stiltetyd, memoriserings en hierdie opdrag in.